Bloemfontein Baptiste Kerk

051- 451 1017 kerk@kerk.co.za www.kerk.co.za bfn_baptiste Bloemfontein Baptiste Kerk

# NUWE NORMAAL

## Deel 1 – Gesonde Emosies

**1 Tessalonisense 5:23** Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom!

**Klaagliedere 3:40** Laat ons ons doen en late deeglik ondersoek en ons tot die Here bekeer

**Lukas 21:34** Wees op julle hoede dat julle gees nie deur onmatige etery en drinkery en deur die sorge van die lewe afgestomp word nie en dat daardie dag julle nie onverhoeds soos 'n vangnet oorval nie.

**Psalm 61:2-3** Hoor tog my hulpgeroep, o God, slaan tog ag op my gebed. Ver uit die vreemde uit, in wanhoop, roep ek na U. Bring my op 'n rots waar ek veilig sal wees.

**Jeremia 20:18** Waarom is ek gebore net om ellende en pyn te beleef en my lewe lank verneder te word?

--------------------------------------------------

--------------------------------------------------

--------------------------------------------------

**Matteus 7:24-25** Elkeen dan wat hierdie woorde van My hoor en daarvolgens handel, kan vergelyk word met 'n verstandige man wat sy huis op rots gebou het. Die stortreën het geval, vloedwaters het afgekom, winde het teen daardie huis gewaai en daaraan geruk, en tog het dit nie ingestort nie, want die fondament was op rots.

## Elemente vir Gesonde Emosies:

1. ’n Fondasie van __________________ .

**Kolossense 3:15** En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe.

--------------------------------------------------

--------------------------------------------------

2. ’n Struktuur van __________________ .

**Efesiërs 2:10** Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.

**Spreuke 29:18(NLV)** Wanneer ’n volk nie duidelikheid het oor die wil van God nie, verloor hulle koers.

--------------------------------------------------

--------------------------------------------------

3. ’n Dak van __________________ .

**Spreuke 3:5-6** Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.

**Matteus 6:32-34** …Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee. Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie.”

--------------------------------------------------

--------------------------------------------------

4. Aktiwiteite van __________________ .

**Romeine 14:17** Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid aan God, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee.

**Prediker 3:13** Dat die mens kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet, ook dit is 'n gawe van God.

--------------------------------------------------

--------------------------------------------------